21 Gebede

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Jona se gebed

## Jona 2:2-9

*Die gebed van Jona "vanuit die diepte" is 'n uitroep van berou, maar ook 'n herontdekking van die werklikheid en teenwoordigheid van God.*

*Hierdie gebed bring 'n besef dat jy nooit 'n gevangene van die verlede is nie, maar dat jy vryheid deur gebed kan ontdek.*

*Gebed maak jou oë oop vir God se manier van doen. Dis die ontdekking van 'n oop en vry toekoms - omdat jy loop in die voetspore van die God wat genade Sy manier van doen gemaak het. (Bybel 24/7)*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas die gebed by jou lewe in?*

*Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?*

*Bid hierdie teksgedeelte..*

21 Gebede

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Jona se gebed

**Watse gevoel kom by jou op as jy lees:**

*"U het golf na golf oor my laat uitgaan" [2: 3] Vergelyk met Psalm 42:7.*

*"uit U gesig verdwyn"[2: 4]. Vergelyk met Psalm 31:23.*

*"groot waters het my omring"[2: 5]. Vergelyk met Psalm 69:2.*

*"my gebed het by u uitgekom" [2: 7]. Vergelyk met Psalm 147:6.*

*"in u heilige tempel"[2: 7]. Vergelyk met Psalm 18:7.*

*"op nuttelose afgode vertrou"[2: 8]. Vergelyk met Psalm 31:7.*

*"Hulp kom net van die Here af" [2: 9]. Vergelyk met Psalm 3:9.*